SAKE 24 (Beeld)
Tuesday, 7 July 2009, p. 2

Trek spaargordel stywer om SA bestedingsboep

Lauren Thys, Johannesburg

Suid-Afrikaners moet harder werk om die spaargordel stywer om die bestedingsboep te span.

Só het mnr. Nhlanhla Nene, adjunkminister van finansies, gister met die bekendstelling van Nasionale Spaarmaand gesê.

"Suid-Afrika se lae spaarkoers stel die ekonomie se vermoë om te groei, in gevaar," het hy gesê.

Volgens Nene het Suid-Afrika se bruto spaarkoers as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) tot 17,1% gestyg in die eerste kwartaal van vanjaar. Dit is op van verlede jaar se gemiddelde 15,4%.

"Maar selfs met die onlangse styging in die spaarkoers bly ons spaarprestasie teleurstellend. Ons spaarkoers is laag teenoor internasionale standaarde en vergelyk swak met ontwikkelende lande met hoë ekonomiese groeikoerse," het hy in sy toespraak gesê.

Hy het die tuimelende huishoudelike spaargemiddelde as persentasie van die BBP beklemtoon – oor die afgelope 15 jaar het dit van 3,2% in die 1980's afgeneem tot 0,2% tussen 2000 en 2008. "Huishoudelike skuld het die afgelope jare voortdurend gestyg en dit staan nou op 76,7% van besteebare inkomste."

Van die redes wat hy genoem het vir die daling in die spaarkoers is maklike toegang tot krediet, wat verbruikers meer laat bestee het, groter maatskaplike toelaes en die opkoms van die swart middelklas "weens dié groep se hoë geneigdheid tot skuld-gefinansierde besteding aan duursame goedere om hul 'bate-tekort' uit te wis".

Hy sê die lae spaarkoers is kommerwekkend, onder meer omdat dit huishoudings vatbaar laat vir inkomste- en prysskokke. "Dit lê ook individue se vermoë aan bande om deposito's vir groot bates, soos 'n huis, te gee."

Volgens mnr. Crispin Sonn, direkteur van korporatiewe sake by Ou Mutual, is swak finansiële gewoontes die wortel van die spaarkwaad.

"Gevolglik moet die klem wees op die verandering van gedragspatrone deur verbruikers te help om nuwe gewoontes aan te leer," berig **Sapa**.

Nene gee toe dat die huidige omstandighede gelei het tot meer spaarsamige gedrag, maar sê dat beleidsveranderinge nodig is wat 'n spaarkultuur aanmoedig.

Mnr. Dawie Klopper, ekonoom by PSG Konsult, beaam dit, maar meen die regering doen nog nie genoeg in dié verband nie. "Die belastingvrye inkomste op beleggings kan byvoorbeeld verhoog word," het hy gesê.